TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 7/2/2017 **LAASTE NUUSBRRIEF** **Datum: 8 Junie 2017**

Uit die kantoor:

Pretdag

Ons pretstap en fietsry was 'n heerlike geleentheid waaraan ongeveer 400 ouers en kinders deelgeneem het. Baie dankie aan die leerlingraad en hulle ouers wat die gesinsuitstappie jaarliks reël.

Snoepie

Die **"KAALVOETKAFEE"** het sy deure wyd oopgemaak en dit lyk of die Tjokkies die groter en goedkoper verskeidenheid geniet. Ouers is ook welkom om 'n draai te maak, veral na skool. Behalwe die kos op die spyskaart is daar ook koffie, tee, cappuccino en koek te koop.

Snoepie-ure
Kortpouse (9:00 – 9:15)
Langpouse (11:00 – 11:30)
Na skool (13:00 – 15:30)
Op ligadae is dit oop tot 16:00.

Bestellings
Leerlinge plaas kosbestellings gedurende kortpouse om langpouse of na skool af te haal.

Aangesien ons nog eksperimenteer met die produkte en pryse gaan ons eers volgende kwartaal 'n volledige spyskaart met pryse sirkuleer. Tans werk ons met kontant, maar ons beoog ook om teen volgende kwartaal kaartgeriewe beskikbaar te hê.

BELANGRIKE DATUMS:

8 Junie: Buitemuurs staak behalwe vir hokkieproewe wat tot volgende week gaan duur.

9 Junie: Die skool sluit om 13:00 vir alle kinders. Daar sal wel toesig tot 13:30 wees vir leerlinge wie se ouers hulle nie om 13:00 kan afhaal nie.

12 Junie: Die leerlinge ontvang hulle eksamenwerk.

16 Junie: Jeugdag. Geen skool en 'n langnaweek. Ons het jaarliks gedurende die week 'n jeugprogram met verskeie aktuele onderwerpe. Ons het egter vanjaar besluit om meestal aandag aan lees te gee, vandaar die leesweekprogram wat aangeheg is.

19 – 29 Junie: Eksamenweek. Sien die ingeslote rooster. Dit is ook op ons webblad.

Vir die duur van die eksamen begin die skool om 7:45 en sluit om 13:00. **Ons vra opnuut dat ouers nie gedurende die eksamentyd kinders vroeër afhaal nie.**

30 Junie: Die skool sluit om 10:00

24 Julie: Die skool heropen om 7:30

Die Graad 6 leerlinge vertrek na die buitelugskool te Doornkloof naby Kroonstad. Die leerlinge kry eersdaags die volledige inligting.

UITSLAE

Zanelle Jansen van Rensburg en Brenschia Badenhorst verwerf Vrystaatkleure in netbal – baie geluk!

MIDDAGSTUDIEGELD

Die finansiële kantoor versoek alle ouers wat nog nie die kwartaal se gelde betaal het nie om dit nie later as 12 Junie te doen. Ouers word weer daarop gewys dat middagstudie 'n opsionele diens is wat die skool aanbied en indien u nie betaal nie, u kind geweier mag word. Ouers wat uitstaande is, sal saam met u kind se rapport kennisgewing ontvang.

SKOOLGELDE

Die Beheerliggaam is ook bekommerd oor die aantal debiteure (ouers wat nie skoolgeld betaal nie) en hanteer die saak as 'n prioriteit. Om enige verleentheid of oorhandiging te voorkom, vereffen asb u rekening of kontak die kantoor om 'n skriftelike reëling te maak.

HOKKIEKLINIEK 18-19 JULIE

0/7 tot 0/11 – kyk uit vir 'n brief in hierdie verband.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

VERJAARSDAE:

18 Junie: Mnr Louwrens Venter (dept-hoof) se laaste verjaarsdag by Tjokkies aangesien hy einde van die jaar met pensioen uit diens tree.

26 Junie: Me Sariana v Vuuren (Gr 3 B)

Gedurende die vakansie:

14 Julie: Mnr Philip Marais (Gr 6 D)

21 Julie: Me Joans Bezuidenhout (Gr 2 D)

Smartschool ekstra klasse
Ons bied middagstudie en wiskunde ekstra klasse aan. Die klasse word deur 'n gekwalifiseerde juffrou, wat persoonlike aandag aan elke kind gee, aangebied. Graad 1 – 12 welkom. Ontspanne en selfmotiverende atmosfeer. Kontak Nelmarie by: 072 589 8069

SNUFFELS

Eenman gastewoonstel op plaas by plaaswoning 16km vanaf Makro aan die Kimberley teerpad in ideale plaasatmosfeer. Ten volle gemeubileer met afdak vir 'n voertuig. Beskikbaar vanaf 1 Julie 2017. Huur R3000.00 per maand water en elektrisiteit ingesluit. Navrae: J Gunter Tel: 083 395 2125

Loodgieter/Plumber - Kontak Johan (Skippie) Scheepers, 083 524 8001. Maak seker as u weggaan tydens die winter dat iemand gereeld u huis kontroleer vir gebarste pype om waterskade te voorkom.

PRIMêRE SKOOL UNIVERSITAS
EKSAMENROOSTER:
19 JUNIE 2017 - 29 JUNIE 2017
09:00 tot 11:00

DATUM	GRAAD 4	GRAAD 5	GRAAD 6	GRAAD 7
19 JUNIE MAANDAG				WISKUNDE DEPARTEMENTELE VRAESTEL 1
20 JUNIE DINSDAG				ENGELS DEPARTEMENTELE VRAESTEL 1
21 JUNIE WOENSDAG				AFRIKAANS DEPARTEMENTELE VRAESTEL 1
22 JUNIE DONDERDAG				AFRIKAANS DEPARTEMENTELE VRAESTEL 2
23 JUNIE VRYDAG	ENG	ENG	ENG	ENGELS DEPARTEMENTELE VRAESTEL 2
26 JUNIE MAANDAG	WISK	WISK	WISK	SW
27 JUNIE DINSDAG	AFR	AFR	AFR	EBW
28 JUNIE WOENSDAG	NWT	NWT	NWT	NW
29 JUNIE DONDERDAG	SW	SW	SW	TEG
30 JUNIE VRYDAG	SKOOL SLUIT	SKOOL SLUIT	SKOOL SLUIT	SKOOL SLUIT

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

JEUGWEEKPROGRAM – GRONDSLAGFASE: 12 – 15 JUNIE 2017	
MAANDAG 12 JUNIE	
GR. 1- 3	Mev. Elsa Krantz en Gabrielle Cloete vertel vir die leerders `n storie in die saal
DINSDAG 13 JUNIE	
GR.1	Maak eie leesboekie met enkele woorde
Gr. 2	Maak eie leesboekie met sinne
Gr. 3	Skryf eie storie in boekvorm met `n titel wat deur onderwyser verskaf word
WOENSDAG 14 JUNIE	
GR. 1	Maak kennis met skoolbiblioteek saam met klasonderwyseres
Gr. 2	Maak kennis met skoolbiblioteek saam met klasonderwyseres. Hersien die alfabet
Gr. 3	Invul van blokkieraaisels
DONDERDAG 15 JUNIE	
Gr. 1	Buiteaktiwiteit met sig en leeswoorde. Studente beplan en bied aktiwiteit aan
Gr. 2	Buite aktiwiteit met sig en leeswoorde. Studente beplan en bied aktiwiteit aan wat by die vlak van die leerders pas
Gr. 3	Bekendstelling aan skoolbiblioteek deur klasonderwyseres en mediaprefekte
Alle grade sluit die dag af met die voorlees van `n storie tydens klastyd.	

JEUGWEEKPROGRAM : 12 tot 15 Junie 2017

Datum	Teikengroep	Aktiwiteit	Plek	Fasiliteerder
12 Junie	Gr 4-7	Leesketting	Skoolterrein	Graad 4
13 Junie	Gr 4-7	Begripslees	Registerklas	Graad 6
14 Junie	Gr 4-7	Soek die woorde	Registerklas	Graad 7
15 Junie	Gr 4-5	Advertensies	Registerklas	Graad 5
15 Junie	Gr 6-7	Sosiale Media	Saal	Estie Smith

Die volgende is deel van ons leesweek en is reeds afgehandel:

1. Me Christine Neser het met al die leerders van Grade 1 tot 7 kom gesels oor die voordele van lees.
2. Daar was by twee geleenthede boekuitstallings in die skoolsaal, wat goed deur ons leerders ondersteun is. Die eeste geleentheid was op 27 en 28 Febr en die tweede was op 18 en 19 Mei.
3. Agt van ons leerders het aan die Volksblad se Spel- en Speelkompetisie deelgeneem.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com